

Voorkomende maatreëls tydens die droogteseisoen

Die tekort aan water in die groter droogtegeteisterde gebiede kan die funksionering en doeltreffendheid van brandbestrydingstoerusting wat op water staatmaak, affekteer. Die gebrek aan water kan ook skade aan geisers, swembaddens of ander toerusting veroorsaak. Die meeste van ons polisse, met die uitsondering van sekere oesversekeringspolisse, dek nie verliese of skade as gevolg van droogte of watertekort nie.

Hierdie dokument bestaan uit belangrike voorkomende aksies wat jy kan volg om jou eiendomme te beskerm wat deur watertekort geaffekteer kan word. Hierdie voorkomende aksies is nie allesomvattend of voorskriftelik nie en vervang nie enige spesifieke voorwaardes wat op jou polis van toepassing mag wees nie.

Aanbevelings vir outomatiese sprinkelstelsels

Eiendomme met outomatiese sprinkelstelsels wat direk vanaf die munisipale hooftoevoer gevoed word, of waar die watertenks of reservoirs van die munisipale hooftoevoer aangevul word, is veral kwesbaar. Daarom, in hierdie gevalle, beveel ons aan dat toepaslik-gekwalifiseerde professionele persone aangestel word om die installasie daarvan na te gaan en enige beduidende tekortkominge te identifiseer wat aangespreek moet word. Indien dit nie moontlik is om hierdie tekortkominge aan te spreek nie, praat asseblief met jou makelaar, wat Old Mutual Insure sal kontak om praktiese oplossings te ondersoek.

Waar outomatiese sproeiers, vloed- en mis-, of sproei-brandbeveiligingsstelsels geïnstalleer is, moet dit volgens die spesifikasies gediens en onderhou word. Gedokumenteerde weeklikse toetse moet uitgevoer word om seker te maak dat dit in werkende toestand bly en ons stel 'n geslote kringtoets voor, wat slegs die water wat reeds in die stelsel is, gebruik. Dit behels ook die notering van drukvlakke, alarms, watertenkvlakke, pomptoetse en brandstofvlakke.

Voorkomende aksies

Hierna volg 'n paar voorkomende aksies wat jou kan help om jou eiendom se risiko's te bestuur, veral gedurende hierdie moeilike tyd.

Voorkoming van brande

Voorkoming is beter as genesing. Daarom, tref asseblief hierdie bykomende voorsorgmaatreëls, om die kans te verminder vir 'n brand om te begin:

- Brande word dikwels deur 'n elektriese fout veroorsaak. Stel dus gekwalifiseerde elektriesiens aan om elektriese installasies te inspekteer en enige areas van kommer te identifiseer en aan te spreek.
- Jy kan infrarooi termiese skandering gebruik om elektriese installasieprobleme te identifiseer, soos los of verswakkende aansluitings, oorbelaaide stroombane en ander onsigbare elektriese probleme wat kan lei tot elektriese brande, die onklaarraking van toerusting en besigheidsonderbreking. Dit is 'n waardevolle en proaktiewe voorkomende maatreël vir hoë-risiko eiendomme, soos fabriekke, pakhuisse, abattoirs, koelkamers en ander geboue wat met uitgebreide polistireen-paneel ("EPS") gebou is.
- Indien jy verantwoordelik is vir die instandhouding van elektriese infrastruktuur-transformators en 'n hoëspanning-/laespanning-skakeltuig, is dit noodsaaklik om seker te maak dat dit gereeld gediens word. 'n Noodgeval-veiligheid Buchholz-oordraer moet geïnstalleer word en kieseljel ("silika-jel") moet vervang word wanneer dit pienk word.
- Beperk warm werk soos sweis, slypwerk en soldeerwerk so ver as moontlik. Waar dit absoluut noodsaaklik is om onderhoud en herstelwerk uit te voer, maak asseblief seker dat die warm-werkpermitstelsel meer aandagtig hanteer/bestuur word. Byvoorbeeld, deur meer brandwagte te hê by die area waar die werk plaasvind.
- Vermy stapeling van goedere teen elektriese toerusting, soos verdeelborde en transformators.
- Maak seker dat industriële warmwatertenks/stoomketels of enige ander water- of stoomverwante drukketels nie leeg raak nie, om oorverhitting en ontploffings te voorkom. Stoomketels moet geïnspekteer en gesertifiseer word soos deur die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid vereis. Gedokumenteerde inspeksies moet uitgevoer word op enige uitskakeltoestelle en faalvrye noodalarms wat watervlakke monitor. Verder moet drukreguleerders getoets word en in die vereiste werkende toestand gehou word.
- Rook behoort slegs toegelaat te word in aangewese rookareas met voldoende maniere om die sigarette dood te druk, byvoorbeeld 'n emmer sand.
- Vermy oop vure.
- Skoorstene van grasdakgeboue moet toegerus wees met vonkvangers om te voorkom dat vonke op die grasdak val.

- Rus urns en ketels met outomatiese afsny-meganismes vir die termostate toe, om seker te maak dat hulle nie leeg raak nie. Rus ook diepbraaitoerusting in kafeterias en kombuise toe met 'n outomatiese termostaat-afsnymeganisme, om seker te maak dat die olie nie oorverhit en aan die brand slaan nie.
- In landelike gebiede, sowel as persele wat aan oop gebiede grens, is dit belangrik om behoorlike brandstrokke te handhaaf, om te voorkom dat 'n brand vanaf, of na, die naburige eiendomme versprei. 'n Gebied van minstens vyf meter breed, behoort vry gehou te word van vlambare materiale en plantegroei moet kort gehou word. Boere en eienaars van kleinhoewes moet voldoen aan die vereistes van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande (Wet 101 van 1998). Deur aan te sluit by 'n plaaslike brandbeskermingsvereniging (BBV) kan toegang verkry word tot die nodige toerusting en kundigheid om aan die wetgewing te voldoen. Die skoonmaak van uitheemse plantegroei verminder ook die brandlading aansienlik.
- Professionele persone moet ten minste elke ses maande die kombuis-suigwaaier-eenhede skoonmaak.
- Skade aan geisers (tradisionele, son- en hittepompe) word gedek indien dit deur 'n versekerde gevaar veroorsaak word. Dit is belangrik om seker te maak dat slegs SABS-goedgekeurde toerusting deur toepaslik-gekwalifiseerde professionele persone geïnstalleer word, aangesien dit skade sal beperk. Wanneer die watertoevoer vir 'n lang tydperk afgesluit word, moet jy asseblief:
 - Die stelsel by die stroombreker binne die elektriese verspreidingsbord (VB) elektronies isoleer. Dit sal verhoed dat die element uitbrand in die geval van water wat terugvloei of stelseldreinerings.
 - Bedek son-opgaarders en leë pype wat geen water bevat nie, aangesien dit geneig is tot skade en agteruitgang, soos sonstraling, indien dit nie bedek is nie.

Minimalisering van brandskade

- Deur meer brandleiers te hê en meer brandspanne op te lei kan help om klein vure in die beginstadium te bekamp. Veiligheidspersoneel moet toenemend waaksaam wees en onmiddellik enige verdagte aktiwiteite of omstandighede rapporteer.
- Die installering van watertanks om reënwater te versamel, verskaf broodnodige brandwatervoorraad aan die brandweer en brandspanne.
- Vermindering van stapelhoogtes sal die brandlading in 'n eiendom aansienlik verminder en dit makliker maak om 'n brand te bekamp.

- Die installasie van gemoniteerde-sone rook- en hitte-verklikkers sal 'n alarm laat afgaan indien 'n brand uitbreek, wat 'n vinniger reaksie van die brandspanne op die perseel en die naaste brandweer moontlik maak. Baie diefalarms kan uitgebrei word om brand- en hitte-opsporing in te sluit.
- Koop bykomende brandbestrydingstoerusting om by hoë-risiko areas te plaas, byvoorbeeld in die kombuis of naby aan 'n aanleg en masjinerie. In groot eiendomme, sal 50 kilogram brandblussers met wiele die brandbestrydingsvermoë aansienlik verhoog. Vuurkomerse is ook baie effektief om kombuisvure te blus.

Minimalisering van waterskade of skade as gevolg van 'n gebrek aan water

- Hou in gedagte dat eiendom tydens 'n ernstige droogte steeds deur water beskadig kan word. Maak altyd seker dat krane behoorlik toegemaak word, veral wanneer daar geen water is nie. Dit sal verseker dat die eiendom nie oorstrom word wanneer die water weer aangeskakel word nie.
- Hou geute en stormwaterdreine skoon om oorstromings te voorkom en stel die munisipaliteit in kennis indien openbare stormwaterdreine verstop is.
- Swembaddens is geneig om te kraak as dit nie met water gevul is nie. 'n Tekort of 'n gebrek aan water word nie in versekeringspolisse gedek nie. Om egter duur herstelkoste aan gekraakte swembaddens te voorkom, is dit raadsaam om 'n swembadbedekking te installeer om die verdampingstempo te beperk. Tydelike verbindingspype van geute na swembaddens sal water uit periodieke reënval aanvul.